

# Volhoubare Handel

Pluk die voordele  
uit 'n etiese  
boerdery!



bsi.

# Inleiding

---

Etiese landbou in Suid-Afrika is in lyn met die beste internasionale etiese standaarde. Hierdie feit stel die landbou-sektor in staat om meer produktief te boer en te fokus op omgewingsbestuur. Dit verseker ook dat die landbousektor alle etiese arbeids-riglyne soos vervat in wetgewing toepas.

Die "Sustainable Initiative of South-Africa" (SIZA) is 'n nie-winsgewende organisasie, waarvan die doel is om mannekrag- en omgewingseise volhoubaar te verbeter ingevolge 'n raamwerk wat voldoen aan volhoubare besigheid in lyn met arbeidswetgewing. Volhoubare en etiese besigheidsbeginsels word ondersteun.

SIZA streef daarna om deurlopende verbetering onder landbou ondernemings te verseker, wat ekonomiese groei moontlik maak asook sosiale verantwoordelikheid en omgewingsbestuur-rentmeesterskap deur die hele waardeketting.

SIZA funksioneer onafhanklik en het 'n enkele Suid-Afrikaanse etiese standaard en -program ontwikkel wat aan kleinhandelaars se vereistes voldoen. Lidmaatskap is oop vir alle landbou-produsente, uitvoerders, invoerders, kleinhandel-handelaars en relevante belanghebbendes wat by die landbou waardeketting betrokke is.

## Wat is 'n sosiale-etiese oudit?

---

Die fokus area van die SIZA-oudit is om die produsent se nakoming van toepaslike arbeidswette te evalueer. Ouditeure besoek gereeld plase en plaaswerkers onafhanklik van plaaseienaars, sodat hulle vrylik kan praat oor arbeidspraktyke en toestande.

## Wat is 'n omgewings-oudit?

---

Die doel van 'n omgewings-oudit is om te verseker dat verskaffers nie net hul omgewingsprestasies nakom nie, maar voortdurend verbeter. Die oudit toon verbintenis tot internasionale en plaaslike beste omgewingspraktyke van toepassing op wetgewing.



## Voordele van 'n oudit



SIZA fokus op die Suid-Afrikaanse landbou-sektor. Omdat die program self-regulerend is beteken dit dat die assessering en evaluering van praktyke, toepaslike en verbruiksvriendelike inligting vir die produsent gee om plase en pakhuis operasioneel beter te kan bestuur. So 'n oudit gee kredietwaardigheid aan die manier waarop 'n organisasie sy werknemers bestuur. Dit wys die produsent se belangstelling in volhoubaarheid wat terselfertyd sy reputasie in die sektor verbeter. Verder gee die oudit bestuursinsig in die maatskappy se kultuur- en werkswyses wat vertroue skep in die besigheid om volhoubare doelwitte suksesvol te bereik.

## Voordele vir kleinhandelaars, landbousektor-verenigings en invoerders

Die SIZA data-indeks gee insae regdeur die landbousektor waardeketting wat help met risikobestuur binne-in die waardeketting. Risikobestuur word uitgewys deur 'n onafhanklike derde-party oudit. So 'n oudit wys ook die risiko faktore uit.

Die program werk automaties uit watter regstellende aksies geneem moet word na gelang van die oudit-inligting met gevaartekens en waarskuwing kennisgewings wat na produsente gestuur word as sekere aksies nie nagekom word nie. Die sisteem maak ook voorsiening dat lede "gevaar- boodskappe" vir kritiese nie-nakomings areas kan stuur.

Die data deur die oudit bekom is beskikbaar om basiese verskaffers-tendense te kan identifiseer en ook moontlike probleme. Verskaffers-profiel kan opgetrek word wat die demografie van werknemers of werksomstandighede in verskeie landbou-industrië aanwys wat ook ge-analiseer kan word.

Die SIZA data-indeks ondersteun self-regulering omdat dit kleinhandelaars 'real-time' inligting gee oor potensiële risikos in hul waardeketting opset.

Hierdie etiese besigheids-program is gebaseer op voortdurende innovering in die werkplek en kan waarde toevoeg in 'n besigheid op verskeie maniere:

- Verhoogde effektiwiteit, produktiwiteit en die vermindering in afwesigheid van personeel
- Motiveer en skep meer effektiewe werknemers
- Verseker dat die reputasie van verskaffers en kleinhandelaars beskerm word teen enige onetiese gedrag binne hul waardeketting
- Verlaag die koste van oudits en verbeter risikobestuur, aangesien dit die versekering gee van etiese handel binne die Suid-Afrikaanse landbousektor
- Bied kleinhandelaars toegang tot SIZA se dokumente-biblioteek en alle kommunikasie tussen SIZA en betrokke landbou produsente

**BSI word deur SIZA erken as 'n oudit-maatskappy om etiese/ sosiale- en omgewingsoudits uit te voer.**

# Hoekom BSI?

BSI word deur SIZA erken as 'n oudit-maatskappy om etiese/sosiale- en omgewingsoudits uit te voer.

## Ouditeurs-maatskappye word gekies gebaseer op:

- Oudit-opleiding en ouditvaardighede
- Oudit-ervaring
- Plaaslike sowel as industrie kennis
- Taalvaardighede
- Geslag en etniese agtergrond wat die arbeidsmag weerspieël
- Reputasie
- Integriteit
- Onpartydigheid
- Verbintenis tot die verbetering van sosiale nakoming.

## Dit is om hierdie bogenoemde redes dat BSI deur SIZA erken word om oudits uit te voer.

BSI fokus op wat regtig saak maak deur gereelde dialoog met belanghebbendes en deur ISO 26000-riglyne oor sosiale verantwoordelikheid, die VN se Global Compact beginsels en VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte te gebruik om sy benadering sowel as sy korporatiewe waardes te bestuur. Hierdie globale doelwitte bied 'n bloudruk om 'n beter en volhoubare toekoms vir almal te verseker en die uitdagings wat BSI en sy kliënte in die gesig staar aan te spreek.

BSI ouditeure het baie jare ondervinding in die internasionale landboubedryf en verstaan die uiteenlopende behoeftes van boere en produsente, van vrugte- en groenteplase tot pakhuis, en verspreiding van landbou-produkte. Dit maak die oudit-proses ook maklik omdat hulle die aansoekproses vereenvoudig tesame met al u vrae.

BSI het uitgebreide kennis van sosiale oudits in talle bedrywe, van beplanning tot aflewering, en is internasionaal goedgekeur vir die oudit van sosiale nakoming. Verder word BSI as 'n gerekende en betroubare vennoot deur die industrie erken en glo in die ontwikkeling van sterk verhoudings met kliënte en eienaars van hul programme.


'n Belangrike element van BSI se ouditleweringvermoë is dat oudits in 'n aantal tale gelewer kan word: Afrikaans, Engels, Sotho, Tshwana, Zoeloe, Shona, Ndebele en Frans.

Ouditeure is gebaseer in Gauteng, Wes-Kaap, Oos-Kaap en Durban. BSI kan ouditkoste verlaag deur SIZA- en SMETA-oudits te kombineer indien kliënte dit verkies.



# Jou reis met BSI

## Voor-oudit proses



## Oudit uitvoerings-proses



## Ons Oplossings

